

Geraamtes dra nie klere nie

CARA MEINTJIES

Durbanville Leeskring

Sjoe! Die eerste ding wat my van hierdie boek getref het, is dat dit skrikwekkend realisties is: 'n oud-polisieman en sy skuldgevoelens, die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK), en 'n twaalfjarige meisie en haar maats wat met die mense van haar pa se verlede te doen kry.

In 2000 was dit 'n baie sensitiewe onderwerp om aan te pak, met die WVK nog vars in almal se geheue. Maar Jan Vermeulen kry dit baie goed reg om die storie sô te benader dat 'n mens nie voel hy wys vingers nie. Sy karakters is geloofwaardig en die storielyn is boeiend.

Die titel, **Geraamtes dra nie klere nie**, laat 'n mens dink aan 'n simpel *Goosebumps*-boek vir laerskoolkinders, maar op die eerste bladsy al besef jy dat die boek ernstiger gaan wees.

Hoewel ek net 'n middag gehad het om die boek te lees en daarom byna aanhoudend daarmee besig was, het ek besef dat ek nie die boek wil neersit nie. Net 'n paar aspekte was vir my 'n bietjie moeilik om te glo, soos dat 'n twaalfjarige meisie sulke sterk besluite en standpunte kon hê. Claudette kom meer emosioneel volwasse voor as wat 'n mens van 'n twaalfjarige kind sou verwag. Iets wat my, byvoorbeeld, dadelik getref het, is hoe min sy haar gestuur het aan die sjokolades in die tas: ek sou op twaalf 'n obsessie met so iets gehad het! As die skrywer haar egter ouer gemaak het, sou baie ander karakters ook anders opgetree het, wat die storielyn sou verander.

Tweedens het dit my verras dat Claudette se pa nie 'n enkele rassistiese opmerking gemaak het nie. Hoewel ek 'n baie ernstige anti-rassis is, het ek van haar pa verwag om die ou tipiese Apartheid-polisieman se rol te vertolk ook in sy houding teenoor bruin- en swartmense. Die feit dat Thobela en Claudette sonder huiwering kon maats maak en Annelize kon skimp dat hy dalk van Claudette hou, was ook vir my ongewoon. Dis nie onrealisties nie, maar die natuurlikheid tussen hulle het, in my ervaring, nog nie heeltemal sô posgevat in skole nie. Wat egter goed is van hierdie optrede, is dat dit kinders wat die boek lees, aanmoedig om ook sonder vooroordeel na ander Suid-Afrikaners te kyk, ten spyte van die verskille wat in die storie in die ouer geslag deurkom.

Ek het geglimlag toe ek van die Tiger Kids lees: om te sien hoe die kinders 'bendes' vorm. Dis tipies van laerskoolkinders. Vermeulen het hulle onsekerhede en irrasionele optrede baie goed in Annelize en Yolandé se karakters weergegee. Annelize se prontuit 'Ek is lief vir jou', het my egter 'n bietjie laat kopkrap; ek dink nie kinders in graad ses sê sulke goed nie.

Ek dink hierdie boek is selfs vir grootmense relevant omdat dit eintlik baie om die grootmense in Claudette se lewe draai. Dus kan 'n mens selfs as jy nie met die hoofkarakter identifiseer nie, nog steeds behoorlik in die storie ingetrek word.

Hoewel dit seker geskryf is vir dertien- of veertienjariges, is dit nogal ernstig. Daarom sou dit moontlik wees dat hulle verveeld raak met die storie, maar gelukkig gebeur dinge sô vinnig dat 'n mens nie kans kry om moeg te word nie. Elke toneel skuif die storie 'n bietjie verder aan, sodat 'n mens nooit voel jy het iets onnodig gelees nie. Die skryfstyl is natuurlik, maar nie besonder nie. Ek sou, byvoorbeeld, sê dat George Weideman meer beskrywend is sonder om sy stories langdradig te maak. Ek het dit gemis in Vermeulen se boek.

In 'n neutedop: **Geraamtes dra nie klere nie** se karakters is goed genoeg beskryf om regte mense te kon wees. Dis nie 'n boek om vir 'n Afrikaans klas voor te skryf nie, want dit moet vinniger gelees word as wat in klasverband moontlik is. Dit is 'n spannende storie wat enigiemand bo tien sal interesseer en selfs grootmense, dalk juis grootmense, tot op die laaste bladsy sal boei.

Nota: Cara Meintjies is sestien jaar oud.

